

Galasiërs 2:1-10

Net Een Evangelie

1 Daarna, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan met Barnabas, en Titus ook saamgeneem. 2 Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie. 3 Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is; 4 en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring; 5 aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie, sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly. 6 Maar van die wat in aansien was — wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie — hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie. 7 Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes — 8 want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene — 9 en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan; 10 alleen moes ons aan die armes dink, wat ek my juis ook beywer het om te doen.

Inleidend

Paulus se bediening as apostel van Jesus Christus volgens die wil van God is gekenmerk deur 'n stryd oor die gesag van sy apostelskap en die egtheid van die evangelie van die genade van God wat hy verkondig het. Paulus was skaars terug na sy eerste sendingreis waar die Here deur sy prediking vier kerk in Antiogië in Pisidië, Ikonium, Listra en Derbe geplant het, toe het die valse leraars – afkomstig uit Jerusalem – in sy voetspore gegaan om die werk wat hy daar gedoen het omver te gooi.

Hierdie werkswyse van die valse leraars het blykbaar dwarsdeur Paulus se

bedieningstyd as apostels gebeur. Toe Paulus op pad was na Jerusalem na sy derde sendingreis het hy met die ouderlinge van Efese gepraat toe die skip waarop hy was by Milete aangedoen het. In daardie gesprek met die ouderlinge het Paulus onder andere die volgende opgemerk: **Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie** (Handelinge 20:28-29).

Dit het al so 'n gewoonte geword van die valse leraars dat Paulus geweet het dat hulle sal kom om die gemeentes te ontstig. En hulle argumente gaan vir sommige lidmate so oortuigend wees dat daar in die gemeente onrus gaan kom. Daarom moet die ouderlinge daarop voorbereid wees sodat hulle die valse leer kan uitken, sodat hulle hulleself en die gemeente daarteen kan beskerm.

In die eerste hoofstuk van Galasiërs het Paulus juis hierdie aanslae teen sy apostelskap en teen die evangelie afgeweer. Die eerste aanslag van die valse leraars was gemik op Paulus se apostelskap. Omdat Paulus nie 'n dissipel van Jesus was voor Jesus se kruisiging soos die ander twaalf apostels nie, het hulle beweer dat Paulus nie 'n egte apostel is nie. Jesus sou hom dan nie geroep en aangestel het nie. Hierdie aanslag het Paulus afgeweer deur daarop te wys dat hy inderdaad nie vroeër 'n dissipel van Jesus Christus was nie. Inteendeel, hy was 'n vervolger van die kerk en wou die verkondiging van die Naam van Jesus uitroei. Maar op die tyd wat God bepaal het, het Jesus Christus aan Paulus verskyn en hom aangestel as apostel. Dit het op die pad na Damaskus gebeur. Paulus het dus aan albei die vereistes om 'n apostel te wees voldoen – Jesus Christus self het hom as apostel aangestel en hy het die opgestane Jesus Christus gesien toe Hy aan hom verskyn het.

Die tweede aanslag van die valse leraars was teen die evangelie wat Paulus verkondig het. Volgens die valse leraars sou Paulus 'n apostel wees omdat hyself so gedink het en omdat mense hom dit sou wysgemaak het. Daarom is die evangelie wat Paulus verkondig iets wat hy van mense ontvang het of self uitgedink het. Hierdie aanslag het Paulus afgeweer deur daarop te wys dat hy die evangelie deur

die openbaring van Jesus Christus self ontvang het onafhanklik van enige mens en onafhanklik van diegene wat voor hom apostels was.

Dit is nou juis op hierdie punt waar die valse leraars dan meen om 'n derde aanslag op Paulus te loods. Met die tweede aanslag het hulle probeer aantoon dat Paulus 'n tweede evangelie in die kerk begin verkondig het, want hy het nie die evangelie by die apostels in Jerusalem ontvang nie. En nou kon hulle op grond van getalle mense probeer oorhaal om hulle rug op Paulus en sy evangelie te draai. Hulle argument sou wees: Paulus is die enigste een wat hierdie evangelie verkondig wat julle gehoor het. Maar in Jerusalem is daar twaalf ander apostels onder wie Petrus is wat iets anders verkondig. Wie gaan julle nou kies? Paulus of die twaalf ander apostels?

En nou het die valse leraars verder gegaan met hierdie feit dat Paulus onafhanklik van mense 'n apostel geword het en die evangelie gekry het. In die volgende verse toon Paulus juis aan dat alhoewel hy die evangelie onafhanklik van mense ontvang het, verskil dit geensins van die evangelie wat Petrus en die ander elf apostels in Jerusalem, Judea en Samaria verkondig nie.

Paulus se tweede besoek aan Jerusalem – Verse 1 en 2

1. Daarna, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan met Barnabas, en Titus ook saamgeneem

Die woord *daarna* verbind hierdie deel van Paulus se argument met die vorige deel wat afgesluit het in Galasiërs 1:24. Na Paulus se eerste besoek aan Jerusalem as Christen en apostel – 'n besoek wat maar vyftien dae geduur het – is hy na Sirië en Cilicië (Gal 1:21).

Hierdie besoek aan Jerusalem waarvan Paulus nou praat, was dus maar sy derde besoek aan Jerusalem as apostel. En tussen die eerste besoek en hierdie derde een het daar veertien jaar verbygegaan. John Stott is van oordeel dat hierdie veertien jaar die drie jaar van Galasiërs 1:18 in sluit. Dus is hy van mening dat hierdie besoek aan Jerusalem veertien jaar na Paulus se bekering plaasgevind het. Stott meld egter nie 'n rede hoekom hy so sê nie.

Die voor die hand liggende verstaan van hierdie frase is dat daar veertien jaar verloop het tussen Paulus se eerste besoek en hierdie derde een. Wat sou Paulus dan in hierdie veertien jaar gedoen het? Ons weet dat Paulus na sy eerste besoek aan Jerusalem deur die gelowiges weggebring is na Sesarea toe en hom daarvandaan na Tarsus, sy geboorteplek, gestuur is (Hand 9:30). Hoe lank Paulus daar in Tarsus woonagtig en werksaam was, weet ons nie.

Die volgende berig wat ons van Paulus lees is weer in Handeling 11. Toe daar by die apostels in Jerusalem berig gekom het oor die gemeente in Antiogië in Sirië het hulle vir Barnabas soheentoe gestuur (Hand 11:22). Die Here het die gemeente in Antiogië so laat groei dat Barnabas nie alleen meer die bediening daar kon behartig nie en hy is na Tarsus toe om vir Paulus te gaan soek (Hand 11:25).

Paulus is toe saam met Barnabas na Antiogië en hulle twee het 'n jaar lank saam in die gemeente gewerk (Hand 11:26). Gedurende die tyd wat Paulus en Barnabas in Antiogië werksaam was, was Claudius die keiser (41-54 n.C.) van wie ons lees in Handeling 11:28 en in wie se tyd die wêreldwye hongersnood was. Paulus en Barnabas moes dus gedurende die jaar wat hulle in Antiogië gewerk het die geld wat ingesamel is na die ouderlinge in Jerusalem gebring ter verligting van die nood as gevolg van die hongersnood (Hand 11:31).

Na afloop van hierdie jaar se werk in Antiogië het die Heilige Gees opdrag gegee dat Paulus en Barnabas afgesonder moet word (Hand 13:2) en Hy het Paulus en Barnabas op die eerste sendingreis uitgestuur (Hand 13:4). Dit was tydens hierdie sendingreis wat die Here die gemeentes in Galasië deur die werk van Paulus en Barnabas geplant het.

Die datum van die derde besoek van Paulus aan Jerusalem – veertien jaar na die eerste besoek – bring ons dan by die datum van die vergadering in Jerusalem waarvan daar in Handeling 15 berig word. Indien dit so is, beteken dit dat hierdie brief aan die Galasiërs waarskynlik tydens die derde besoek aan Jerusalem of daarna geskryf is. Dit verander dan die datum van die brief soos dit hierbo gestel is (vgl. p. 3).

Om korrekte – korrek vir ons westerse manier van redeneer – datum van die Bybelse gebeure te bepaal, is egter nie so maklik nie. Vir die Heilige Gees is dit ook nie belangrik om vir ons die presiese datums te gee nie, want die Bybel is nie geskryf as 'n geskiedenisboek nie, maar as die openbaring van God. Daarom moet ons konsentreer op wat die Heilige Gees aan ons openbaar en ons nie van spoor laat bring deur die datums nie.

Na aanleiding van dit wat Paulus in die vorige hoofstuk geskryf het, is dit dus duidelik dat hy nie die evangelie van die genade van God by die apostels in Jerusalem geleer het nie. Intendeel, hy was nou al sewentien jaar besig om hierdie evangelie onder die heidene te verkondig. Vir veertien jaar was hy nie naby Jerusalem nie en die gelowiges in Judea het hom net van hoorsê geken.

In hierdie eerste twee verse is twee sake van belang – die mense wat saam met Paulus gegaan het tydens hierdie besoek aan Jerusalem en die evangelie wat hy verkondig.

Oor die twee reisgenote van Paulus tydens sy tweede besoek aan Jerusalem die volgende: Barnabas was 'n Jood en hy het hoë agting geniet by die gelowiges in Jerusalem en onder die apostels (Hand 9:27; Hand 11:22). **Barnabas was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof** (Handeling 11:24a). Hy het saam met Paulus die eerste sendingreis meegemaak waar Paulus die evangelie van die genade van God aan die heidene verkondig het.

Titus, aan die ander kant, was 'n Griek en daarby ook nog onbesnede. Titus was een van die heidene wat tot geloof in Jesus Christus gekom het onder die prediking van Paulus. Dit is juis hierdie prediking van Paulus wat die valse leraars onder skoot gehad het.

2. Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring

Voordat Paulus melding maak van die evangelie wat hy verkondig – die tweede saak van belang in hierdie eerste twee verse – sê hy eers hoe dit gekom het dat hy Jerusalem toe gegaan het na veertien jaar. Die valse leraars sou te kenne gee dat Paulus deur die apostels geroep is, sodat hy rekenskap kan gee van die evangelie

wat hy verkondig. Paulus het immers tydens hierdie tweede besoek die evangelie wat hy verkondig aan die wat in aansien was, voorgelê – maar meer hieroor binne oomblikke.

Die valse leraars sou die lidmate in Galasië wou laat verstaan dat Paulus na Jerusalem opgeroep is om dit wat verkeerd is in sy verkondiging van die evangelie reg te stel. Paulus stel dat hy nie Jerusalem toe gegaan het omdat hy deur mense soheentoe opgeroep is nie, maar op grond van 'n openbaring.

Watter openbaring dit sou wees, moet 'n mens nou maar aflei. John Stott is van oordeel dat Paulus hier na die openbaring deur Agabus verwys. Dit is Agabus wat gelei is deur die Heilige Gees om die wêreldwye hongersnood te voorspel (Hand 11:28). Daarom meen Stott dat hierdie tweede besoek van Paulus aan Jerusalem die besoek is wat hy saam met Barnabas aan Jerusalem gebring het toe hulle die geld wat ingesamel is aan die ouderlinge in Jerusalem afgedra het (Hand 11:30)(vgl. ook David Guzik).

Indien 'n mens die tyd raamwerk aanneem soos hierbo gestel (vgl. John MacArthur en EP Groenewald) – naamlik dat die veertien jaar later saam val met die vergadering in Jerusalem (Hand 15) – dan verwys die openbaring na die gemeente in Antiogië se besluit om Paulus en Barnabas na Jerusalem te stuur as gevolg van die meningsverskil wat daar was tussen Paulus-hulle en diegene wat die besnydenis voorgestaan het. Kan 'n mens die gemeente se besluit verbind aan die begrip openbaring? Vir Gereformeerdes is dit nie 'n vreemde konsep nie. Die Heilige Gees gebruik die gemeente as instrument in sy hand tydens die verkiesing van diensknegte. Vir die gemeente in Antiogië was dit ook nie vreemd nie. Die Heilige Gees het hulle gebruik om vir Paulus en Barnabas af te sonder vir die werk waarvoor Hy hulle bestem het – die sendingreis. Dus kan 'n mens aanneem dat die afvaardiging van Paulus en Barnabas saam met nog lidmate vir die vergadering in Jerusalem die openbaring was waarna Paulus hier verwys.

3. en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was

Paulus het die evangelie wat hy verkondig aan hulle voorgelê in Jerusalem, nie

omdat hy getwyfel het of hy reg was nie. Hy het immers vroeër gesê dat die oorsprong van die evangelie 'n openbaring van God die Vader en Jesus Christus self is (Gal 1:12). Die bedoeling van hierdie voorlegging is om die monde van die valse leraars gesnoer te kry.

Weer 'n keer maak Paulus dit duidelik dat hy nie voor die apostels en die ouderlinge in Jerusalem gedaag is om die evangelie wat hy verkondig te verdedig of om dit wat kwansuis verkeerd is reg te stel nie. Indien dit die geval sou wees, sou hy in 'n openbare vergadering die evangelie aan hulle voorgelê het. Hy sê dat hy afsonderlik met die wat in aansien was, gepraat het.

Oor die begrip *hulle wat in aansien was*, merk John MacArthur op dat hierdie 'n sarkastiese steek van Paulus na die valse leraars was en nie na die leiers – Jakobus, Johannes en Petrus – in die Jerusalemse gemeente nie. Paulus gebruik hierdie begrip vier keer in hierdie gedeelte. Hier in vers 2, twee keer in vers 6 en dan in vers 9 waar hy die leiers die pilare van die gemeente noem.

Die valse leraars sou daarmee te koop kon loop dat die “groot koppe” in Jerusalem – hierdie mense wat in aansien is – ook die besnydenis vir die heidene voorstaan. Nou sê Paulus egter, wel ek het met die mense wat in aansien is privaat gesels oor die evangelie wat ek verkondig. En sonder om nou vooruit te probeer loop – Paulus sê juis in hierdie gedeelte: Ek het met die mense wat in aansien is gepraat, en ek kan julle verseker dat daar net een evangelie is – die een wat aan julle in Galasië verkondig is.

Paulus sê self hoekom hy die evangelie aan hulle wat in aansien is, voorgelê het:

4. dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie

Paulus het die evangelie wat hy verkondig voorgelê, sodat al die apostels – hy en die ander twaalf – uit dieselfde mond praat en dit vir almal duidelik sal wees. Anders sal die valse leraars alewig 'n ding hê om sy apostelskap en die evangelie mee te verongeluk. Dit sal beteken dat hy dan gedurigdeur vure moet doodslaan in plaas van om by die eintlike werk waarvoor die Here hom afgesonder en geroep het uit te kom.

Die kerk behoort uit een mond te praat en helder en duidelik in haar woorde te wees wanneer 'n valse leer teengestaan word. Daarom is dit nodig dat al die apostels saam dieselfde standpunt oor die besnydenis moet handhaaf.

Ter ondersteuning en as bewys dat die Here nie die besnydenis enigsins as voorwaarde stel vir die mense wat uit die heidendom Jesus Christus as hulle Verlosser aanneem nie, het die Heilige Gees vir Titus – 'n onbesnede Griekse Christen – saam met Paulus en Barnabas na Jerusalem gestuur.

Paulus se reisgenoot – Verse 3 tot 5

1. Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is

Titus was 'n gebore Griek aan wie die Heilige Gees die geloof in Jesus Christus gegee het onder die prediking van Paulus. Waar Titus gewoon het en Paulus se prediking gehoor het, word nie vir ons gesê nie. Wat egter van belang is, is dat hy in die oë van die Jode 'n volbloed heiden is wat tot geloof in Jesus Christus gekom het.

En die punt wat Paulus wil maak aan die Galasiërs en aan die valse leraars wat die verwarring in Galasië veroorsaak het – Titus was nie gedwing deur die leiers in Jerusalem om besny te word nie. Die besnydenis van heidene was nie 'n vreemde idee nie. Heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, is besny as teken dat hulle hulleself aan die wet onderwerp en onderneem om daarvolgens te lewe. Deur die besnydenis is hulle dan in die Joodse geloofsgemeenskap opgeneem en aanvaar. Na analogie hiervan het die valse leraars gemeen dat heidene wat tot geloof gekom het in Jesus Christus ook besny behoort te word. Vir hulle was geloof in Jesus Christus tog 'n Joodse geloof.

Die probleem met hierdie siening het Paulus raakgesien. Die valse leraars wou die geloof in Jesus Christus en die verlossing deur Hom uitsluitlik handhaaf as iets wat bedoel is vir die Jode. Daarom moet die heiden eers Joods word voordat hy werklik verlos kan wees. Dit beteken dat die mens aan 'n voorwaarde moet voldoen om verlos te word deur Jesus Christus, maar dit is nie die evangelie wat Jesus Christus aan Paulus openbaar het nie.

Dat Paulus vir Titus – 'n onbesnede Griekse Christen – saam met hom na Jerusalem geneem het, was sekerlik 'n waagstuk. Party sou dit kon verstaan as 'n provokasie van Paulus se kant af. Paulus het dit egter nie gedoen om 'n stryd uit te lok nie, maar om te bevestig dat die evangelie van die genade van God vereis nie die besnydenis as deel van die verlossing nie. Die waarheid van die evangelie is dat God Jode en heidene op grond van dieselfde rede aanvaar, naamlik geloof in Jesus Christus. Daarom moet die kerk ook die heidene op dieselfde gronde aanvaar.

Tot dusver – van dit wat ons in Handelingne lees – het die kerk in Jerusalem nog net gehoor van heidene wat die Heilige Gees en die geloof in Jesus Christus ontvang het. Hulle het nog nie so 'n heiden gesien nie behalwe Petrus wat aan Kornelius die evangelie van Jesus Christus verkondig het (Hand 10:1-48). Die ander apostels en gelowiges in Jerusalem het Petrus egter verwyt en eers nadat Petrus hulle alles vertel het wat in Kornelius se huis gebeur het, was hulle tevrede (Hand 11:1-18), maar self het hulle nog nie so 'n heiden gesien wat in Jesus Christus glo sonder om besny te wees nie. Titus is dus die eerste lewende getuie van hierdie waarheid.

En nou het die gemeente in Jerusalem ook nie vir Titus gedwing om besny te word nie. Daar is mos nog geen sin daarin nie, want met hulle eie oë het hulle gesien en met hulle eie ore het hulle sy en Paulus se getuienis gehoor – Jesus Christus het ook hierdie Griek verlos en die verlossing het sy deel geword deur die geloof in Jesus Christus alleen.

Met hierdie stelling het Paulus vir die Galasiërs gewys dat die valse leraars beslis vir hulle gelieg het. Die apostels, ouderling en gelowiges in Jerusalem leer nie dat heidene ook besny moet word nie. Maar die stryd was egter nog nie verby nie – nie daar in Jerusalem nie.

2. en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluit het

Alhoewel die leiers van die gemeente in Jerusalem – die apostels en die ouderlinge – nie daarop aangedring het dat Titus besny moet word nie, was daar ander mense wat wel daarop aangedring het, soos dit blyk uit vers 5.

Let egter op hoe Paulus hierdie ander mense beskryf. Hy noem hulle **valse**

broeders. Dit is mense wat voorgee om opregte Christene te wees. Hulle is Jode wat ook vir Jesus Christus aangeneem het, maar steeds daarop staan dat al glo jy in Jesus Christus moet jy besny word om verlos te word. Paulus het raakgesien dat dit hier nie oor 'n kulturele verskil gaan – besny of nie besny nie – hier gaan dit oor die hart van die evangelie – hoe word 'n mens verlos? Daarom het hy nie gekroom om hulle valse broeders te noem nie.

'n Volgende saak wat aangaande hierdie valse broeders duidelik word, is dat hulle ingesmokkel is. Hulle het nie op hulle eie by die vergadering opgedaag nie. Hulle was nie opgeroep daarvoor nie. Hulle is nie daarheen gevra nie. Hulle is deur iemand anders daar ingedruk. Wie dit is wat hulle ingesmokkel het, word nie vir ons duidelik gemaak nie. Dit is in elk geval nie nodig om daaroor te raai nie.

Hierdie valse broeders was ook nie teësin om by daardie vergadering te wees nie. Alhoewel hulle ingesmokkel is, hoor ons dat hulleself ook ingesluit het. Daar is duidelik 'n komplot gesmee tussen die valse broeders en diegene wat hulle daar wou hê. Wat was hierdie komplot waaraan die valse broeders aktief deelgeneem het?

3. om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het

Die komplot waaraan hierdie valse broeders deelgeneem het, was eerstens om as spioene op te tree. Hulle het gekom om op die vryheid van die Christene te spioeneer.

Watter vryheid is dit? Dit is die vryheid wat die Christen in Jesus Christus het. Die Christen is deur Christus vrygemaak van die wettiese godsdienstige reëls van die Fariseërs. Jy hoef nie besny te word, sodat God jou in Christus kan aanvaar nie. God aanvaar 'n mens op grond van Jesus Christus se verlossingswerk aan die kruis. Al wat die mens kan doen, is om in die geloof te aanvaar dat Jesus Christus ook vir hom aan die kruis betaal het vir sy sonde.

Hierdie valse broeders het kom spioeneer om te sien hoe die Christene hierdie vryheid beoefen. En in die oë van die valse broeders en diegene wat hulle daar ingesmokkel het, was dit 'n misbruik van sogenaamde vryheid. In hulle oë was die Christene revolusionêr deurdat hulle die wette sommer net so nagelaat het en

verkondig het dat die wette nie meer nodig is om in 'n verhouding met God te lewe nie.

4. sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring

Die uiteindelige bedoeling van hierdie spioenasie werk was om die Christene weer in diensbaarheid te bring. Die woord wat ons met *in diensbaarheid bring* vertaal, kan ook vertaal word met *verslaaf*.

Die valse leraars was verslaaf aan hulle wettiese godsdienstige reëls. Sonder hierdie wettiese reëls het hulle gemeen is dit onmoontlik om die verlossing werklik te hê. Die verslaafdheid het hulle egter verblind, sodat hulle die volmaaktheid van Jesus Christus se werk nie kon en wou insien nie. En omdat hulle verslaaf en verblind is, wil hulle ook die Christene uit die heidendom verslaaf en verblind.

Die verslawing aan die wettiese reëls, berooft 'n mens nie net van die vryheid wat Christus gebring het nie. Hierdie verslawing veroorsaak dat 'n mens Christus en sy volmaakte werk eintlik van nul en gener waarde beskou omdat dit dan kwansuis nie genoegsaam is om jou van jou sonde te verlos nie. Dit is hierdie dwaling wat Paulus deur die verligting van die Heilige Gees raakgesien het.

Die leiers van die gemeente in Jerusalem het nie daarop aangedring dat Titus besny moet word nie, maar hierdie valse broeders het daarop kom aandring. Die druk om toe te gee is groot. Sommige sal sê: Ag, dit is tog maar net 'n velletjie wat afgesny word. Besnydenis is inderdaad net 'n velletjie wat afgesny word. Die vraag is egter: Hoekom wil jy die velletjie afsny?

5. aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie

Die druk van die valse leraars was groot, maar Paulus en Barnabas en die ander apostels en die ouderlinge in Jerusalem het nie toegegee aan hulle druk om Titus te laat besny nie. Soos reeds opgemerk, dit het vir die valse leraars nie oor 'n kulturele verskil gegaan nie. Vir hulle was die besnydenis wesens belangrik vir die verlossing omdat hulle nie kon en wou aanvaar dat Christus se werk volmaak en volledig is nie.

Paulus en die ander leiers het dit ingesien, daarom het hulle volhard met die

standpunt dat Christene slegs deur die geloof in Jesus Christus regverdig verklaar word. Hulle het nie vir 'n oomblik toegegee in onderworpenheid aan hierdie valse leraars se sin nie.

6. sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly

Dit het immers gegaan oor die waarheid van die evangelie soos wat Paulus dit aan die Galasiërs verkondig het. Slegs deur Jesus Christus en slegs deur die geloof in Hom word 'n mens gered. So het Paulus dit verkondig. Ter wille van hierdie waarheid het Paulus-hulle nie toegegee aan die druk om Titus te besny nie.

Sodoende het die Galasiërs te wete gekom dat hierdie evangelie soos wat Paulus dit verkondig, nie maar net sy eie verstaan van die evangelie is nie. Die mense in aansien in Jerusalem – die ander apostels en die ouderlinge – het saam met Paulus vasgestaan teen die valse leraars se druk. Die evangelie soos wat hulle dit ontvang het, is dus die waarheid.

Daar is egter ook die geval van Timoteus en Paulus het hom op sy tweede sendingreis besny (Hand 16:3). Het Paulus dan op die uiteinde tog toegegee aan die druk van valse leraars? Nee. Timoteus was 'n ander geval. Sy ma was 'n Jood alhoewel sy pa 'n Griek was. Paulus het hom besny ter wille van die Jode wat in daardie gebied was, want Paulus het vir Timoteus saamgeneem op sy tweede sendingreis. Hierdie Jode het geweet dat net sy pa 'n Griek was.

Ter wille van hulle wat swak in die geloof was, het Paulus vir Timoteus besny. Maar ter wille van hulle wat vals in die geloof was, het Paulus volhard dat besnydenis nie nodig is nie. Daar is 'n groot verskil tussen swak in die geloof en vals in die geloof.

Paulus se evangelie – Verse 6 tot 8

- 1. Maar van die wat in aansien was — wat hulle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie — hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie**

Dit is nou die tweede en die derde keer dat Paulus diegene wat voor hom Christene en/of apostels was as *die wat in aansien was* noem. Soos hierbo genoem het

Paulus nie so van hulle gepraat omdat hy hulle geminag het nie. Hy noem hulle so eerder omdat die valse leraars so 'n hoë agting vir die ouderlinge en apostels in Jerusalem het en hulle met Paulus vergelyk om Paulus in 'n minderwaardige lig te stel by die Galasiërs.

Ten opsigte waarvan sou Paulus teenoor die ouderlinge en ander apostels kamtig minderwaardig wees? Die name van die wat in aansien was wat Paulus later in vers 9 noem – Jakobus, Petrus en Johannes – het die voorreg gehad om Jesus te ken en hoor nog voor sy kruisiging. Jakobus was die broer van Jesus wat saam met Hom groot geword het. Petrus en Johannes was twee van die drie wat die binnekring van Jesus se twaalf dissipels gevorm het. Hierdie drie manne het vir Jesus dus, wat tyd betref, langer as Paulus geken. Hulle het die voorreg gehad om saam met Hom te leef en persoonlik by Hom te leer.

Paulus het egter nie die voorreg gehad om Jesus te ken voor sy kruisiging nie. Maar Paulus het persoonlik ook by Jesus geleer. Jesus Christus het die evangelie van God se genade aan Paulus geopenbaar (Gal 1:12).

As Paulus dan sê **wat hulle vroeër was**, verwys hy na hierdie voorreg wat hulle gehad het om Jesus vroeër al te ken geken het omdat Jesus hulle vroeër al geroep het. Dat hulle Jesus al langer ken as wat Paulus Hom ken, maak aan Paulus egter geen verskil nie. God neem nie 'n mens aan op grond van wie hy is nie. Dit gaan dus nie daaroor dat iemand by God meer geag word omdat hy Jesus langer ken of op 'n ander vlak met Hom te doen gehad het as iemand anders nie.

Daarmee erken Paulus ook dat hy die apostels en ouderlinge ag vir wie hulle is op grond van dit wat God van hulle gemaak het. Hulle is manne in aansien omdat hulle deur God gekies is om as ouderlinge en apostels op te tree.

En dan maak Paulus die stelling om daarop te wys dat hy wat sy apostelskap en verkondiger van die evangelie betref gelyk is aan die ander apostels. Paulus het die evangelie wat hy verkondig aan die mense in aansien voorgelê, en hulle niks daaraan toegevoeg nie. Vir sewentien jaar het Paulus nou al die evangelie van God se genade verkondig soos wat Jesus dit aan hom geopenbaar het. Die wat in

aansien was het erken dat Paulus die volle raad van God, die suiwer evangelie van Jesus Christus verkondig, want hulle het niks meer vir Paulus opgelê om te verkondig nie.

2. Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes

In plaas daarvan dat die leiers in Jerusalem iets wat kamtig aan die evangelie wat Paulus verkondig, sou ontbreek, toegevoeg het, het hulle tot die slotsom gekom dat die een evangelie aan twee verskillende groepe verkondig moet word. Die evangelie wat in Jerusalem deur die ander apostels verkondig word en die evangelie wat Paulus nou al vir sewentien jaar verkondig, is presies dieselfde.

Die enigste werklike onderskeid is dat die Here aan Paulus die opdrag gegee het om die evangelie aan die heidene te verkondig. Dit was tydens hierdie samekoms dat die apostels en die ouderlinge in Jerusalem tot die oortuiging gekom het van die opdrag wat die Here in besonder deur Ananias nog in Damaskus aan Paulus gegee het sewentien jaar gelede (Hand 9:15-16). En aan Petrus het die Here die opdrag gegee om die evangelie aan die Jode te verkondig. Hierdie onderskeid is egter nie van so 'n aard dat Petrus nooit aan heidene en Paulus nooit aan Jode verkondig het nie.

Petrus is immers deur die Here gestuur om die evangelie aan Kornelius en sy huis te verkondig (Hand 10:1-48). En omdat dit aan heidene was, moes Petrus nog in Jerusalem verantwoording gaan doen het (Hand 11:1-18). Paulus het op sy sendingreise gewoonlik die evangelie eerste aan die Jode in die sinagoge verkondig. En sodra hulle dit verwerp het, het hy voortgegaan om die evangelie aan die heidene te verkondig.

Tot hier toe het Paulus daarop gewys dat die evangelie wat hy en die ander apostels verkondig presies dieselfde is. Dit is dieselfde, want die Een wat die opdrag aan Paulus en die ander apostels gegee het, is dieselfde Here Jesus.

3. want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene

Dieselfde Here Jesus wat Petrus as apostel gekies, geroep en aangestel het, het ook vir Paulus as apostel gekies, geroep en aangestel. Die enigste onderskeid is – en Paulus wys weer daarop – is dat Petrus aangestel is as apostel om die evangelie hoofsaaklik aan die Jode te verkondig terwyl Paulus as apostels aangestel is om die evangelie hoofsaaklik aan die heidene te verkondig.

Die uitslag van die samesprekings – Vers 9 en 10

1. en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee

Die gesprek tussen Paulus en Barnabas met Jakobus, Petrus en Johannes, het tot dusver die volgende opgelewer: Die evangelie wat Paulus verkondig, is presies dieselfde evangelie wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem aan vashou en verkondig – verlossing deur Jesus Christus alleen. Die God wat vir Petrus en die ander apostels aangestel het, het ook vir Paulus as apostels aangestel.

Paulus se evangelie het dus nie 'n tekort vertoon soos wat die valse leraars te kenne gegee het nie. Die apostels het niks aan die evangelie wat Paulus verkondig toegevoeg nie (2:6). Jakobus, Petrus en Johannes het egter daarvan bewus geword dat die Here aan Paulus die genade gegee het om die evangelie te verkondig. Dit is immers wat van die begin van Paulus se bekering af duidelik is. Dat God juis vir Paulus gekies het, is genade. Dat Jesus Christus aan hom verskyn het en geroep het, is genade. Dat die evangelie aan hom geopenbaar is, is genade. Dat Paulus deur die Heilige Gees die gawes gegee is om met vrymoedigheid die evangelie te verkondig, is genade. Dat hy dit nou al vir sewentien jaar doen, is louter genade. Paulus het dus die genade ontvang net soos wat die ander apostels dit ontvang het.

En hulle wat as die pilare van die gemeente in Jerusalem beskou is – Jakobus, Petrus en Johannes – het aan Paulus en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee. Die leiers in Jerusalem het met die handdruk bevestig dat Paulus en Barnabas saam met hulle in diens van die Here staan om die evangelie van Jesus Christus te verkondig.

Dat Paulus hierdie drie manne die pilare van die gemeente noem, doen hy nie uit sarkasme nie of verkleining teenoor hulle nie. Hy sê dit omdat die valse leraars so graag daarop geroem het dat hulle met mede wete van die Jerusalemse leiers die verdraaide evangelie verkondig. Nou het Paulus maar net daarop gewys dat die Jerusalemse leiers eintlik met sy werk saamstem en dat hulle Paulus en Barnabas as medewerkers ag.

2. sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan

Die enigste onderskeid tussen Paulus en Barnabas se werk teenoor die van Jakobus, Petrus en Johannes is dat Paulus en Barnabas die genade van die Here ontvang het om die evangelie aan die heidene te verkondig terwyl die ander die genade ontvang het om dieselfde evangelie aan die Jode te verkondig. Dit is net die werkkring wat verskil.

3. alleen moes ons aan die armes dink, wat ek my juis ook beywer het om te doen

Die enigste versoek wat die leiers in Jerusalem aan Paulus-hulle gehad het, was dat hulle nie die armes in Jerusalem moet vergeet nie. Die Christene in Jerusalem het om verskeie redes swaargekry. In Handeling 11 het ons al geles van die wêreldwye hongersnood en hoe die Christene van Antiogië in Sirië gehelp het om hierdie nood te verlig in Jerusalem.

Met groot ywer het Paulus dan ook gedurende die res van sy bediening as apostel ook die Christene uit die nie-Jode aangespoor om bydraes te maak uit die seën wat die Here hulle geskenk het om die Christene in Jerusalem te help. Hierdie optrede van die Christene uit ander wêreld dele teenoor die Christene in Jerusalem het bygedra tot die eenheid onder die gelowiges – die een kerk van ons Here Jesus Christus.

Galasiërs 2:11-14

Paulus en Petrus teenoor mekaar in Antiogië

11 Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het. 12 Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. 13 En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins.

14 Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?

Inleidend

Paulus het tot dusver aangetoon dat hy inderdaad 'n apostel is. Die valse leraars wou die mense in Galasië laat verstaan dat Paulus sommer 'n selfgemaakte apostel is en daarom het hy nie die reg om vir God te praat nie. In Galasiërs 1 het Paulus grotendeels aangetoon dat hy deur God die Vader en Jesus Christus aangestel is as apostel. Die twee wesentlike kenmerke van 'n apostel – iemand wat deur Jesus self geroep en aangestel is en iemand wat die opgestane Jesus Christus gesien het – is by Paulus aanwesig.

Hiermee saam het Paulus ook aangetoon dat die evangelie van die genade van God wat hy verkondig ook nie iets is wat hy van mense of deur mense ontvang het nie. Jesus Christus het self die evangelie aan hom geopenbaar. Die feit dat hy die evangelie van Christus ontvang het, het hy met historiese feite van sy eie lewensverloop aangetoon.

Alhoewel hy onafhanklik van enige van die ander apostels as 'n apostel aangestel is en die evangelie ontvang het, verskil die gesag van sy apostelskap en die evangelie wat hy verkondig geensins van die ander apostels se apostelskap en evangelie. Na sewentien jaar van afsonderlik werk, het Paulus en Barnabas na Jerusalem gegaan

en hulle het vir Titus saamgeneem. Paulus het die evangelie wat hy verkondig aan die apostels en ouderlinge in Jerusalem voorgelê. Aan die evangelie wat Paulus verkondig het die ander apostels niks verander of bygevoeg nie. Hulle het saamgestem dat die verlossing alleen deur Jesus Christus plaasvind en die mens kry aan hierdie verlossing deel slegs deur die geloof in Jesus Christus.

Die praktiese bevestiging hiervan het duidelik geword in die feit dat Titus, alhoewel hy 'n Griek is wat in Jesus Christus glo, nie gedwing is om hom te laat besny nie. Uiteindelik het Jakobus, Petrus en Johannes tot die insig gekom dat die Here aan Paulus die genade geskenk het om in Jesus Christus te glo, om 'n apostel te wees en om die evangelie aan die heidene te verkondig.

Deurdat hierdie drie manne in Jerusalem – Jakobus, Petrus en Johannes – vir Paulus en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee het, het hulle almal saam gestem dat Paulus werklik 'n apostel van Jesus Christus is, dat Paulus inderdaad die enigste evangelie van die genade van God verkondig net soos wat hulle dit doen en hulle apostels van Jesus Christus is. Die enigste onderskeid is, is dat Jesus vir Paulus en Barnabas afgesonder het om die evangelie aan die heidene te verkondig terwyl die ander drie die opdrag het om die evangelie aan die Jode te verkondig.

Die samesprekings wat in Jerusalem plaasgevind het en die resultaat daarvan het die Satan in sy poging om die kerk van die Here Jesus tot niet te maak, nie gestuit nie. Paulus het beleef dat selfs die mense wat aan jou die regterhand van gemeenskap in die geloof in Jesus Christus gee, kan later oorgehaal word om weer die leuen in die praktyk te beoefen alhoewel hulle nie meer die leuen preek en leer nie. Petrus wat aan Paulus die regterhand van gemeenskap gegee het, het in 'n later stadium in praktyk die waarheid van die evangelie teëgegaan, sodat Paulus openlik en reguit vir Petrus moes tereg wys.

Hierdie episode in Paulus se bediening as apostel was een van die wat met die meeste spanning belaaï was. Hier is twee apostels van die Here Jesus. Hulle verkondig dieselfde evangelie van Jesus Christus. Maar die praktiese uitlewing van die waarheid is nie dieselfde nie. Dit bring verwarring by diegene wat dit sien en die

situasie het die potensiaal om die kerk van Jesus Christus in twee te skeur – 'n Paulus groep en 'n Petrus groep. Hoe sal die Here sy wil hierin laat geskied? Hoe sal die Here hierin sy Naam verheerlik?

Petrus se optrede – Verse 11 tot 13

1. Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het

Die fokus verskuif van Jerusalem na Antiogië in Sirië. In Antiogië is die eerste gemeente wat in 'n heidense gebied begin (Hand 11:19-30). In hierdie gemeente het Paulus en Barnabas 'n jaar lank saam gewerk voordat hulle vanuit hierdie gemeente op die eerste sendingreis uitgestuur is.

Uit die wyse waarop Paulus hier skryf, blyk dit dat Petrus se koms na Antiogië plaasgevind het nadat Paulus en Barnabas in Jerusalem was by Jakobus, Petrus en Johannes (Gal 2:1-10). Gedurende die tyd wat Petrus in Antiogië was, het Paulus openlik vir Petrus teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het.

In die stelling hoor ons dat Petrus iets moes gedoen het, wat veroorsaak het dat daar tussen Paulus en Petrus 'n botsing gekom het. Paulus het die optrede van Petrus nie goedgekeur nie. In die konteks van die brief aan die Galasiërs kan ons aanneem en voorlopig aflei dat Petrus iets gedoen het wat die waarheid van die evangelie van Christus, soos wat dit aan die heidene verkondig is, in gedrang gebring het. As apostel kon Paulus dit nie maar net daar laat nie.

Die feit dat Paulus hom openlik teëgestaan het, dit wil sê, in die teenwoordigheid van ander mense, maak dit duidelik dat Petrus se optrede ook nie iets is wat hy heimlik gedoen het nie. Hy het openlik iets gedoen wat die waarheid van die evangelie bedreig het. Die gevolg van Petrus se optrede vir homself was dat hy veroordeel is deur sy eie optrede. Petrus het dus iets gedoen wat in teenkating is met die algemene verstaan van die evangelie van Christus. In die volgende twee verse sê Paulus uitdruklik wat Petrus gedoen het.

Met hierdie eerste woorde in vers 11 laat die Heilige Gees dit nogeens duidelik word

dat Paulus inderdaad 'n apostels is wat met die gesag van Jesus Christus optree. Die valse leraars het die mense in Galasië laat verstaan dat die apostels in Jerusalem die eintlike apostels is en dat Paulus nie werklik 'n apostel is nie. Met hierdie gebeure in Antiogië wat die kerk groot skade kon berokken, gee die Here juis die geleentheid dat Paulus se gesag as apostels en die evangelie wat hy verkondig openlik verdedig kan word teenoor Petrus wat so hoog aangeslaan is deur die valse leraars. Die bedoeling is nie om Petrus te verkleineer nie – hy is immers 'n gesalfde van die Here – maar om die apostelskap van Paulus ten aanhore van meer mense te bevestig.

2. Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet

Paulus skryf nou waarom Petrus veroordeeld staan. Toe Petrus aanvanklik by die gemeente in Antiogië gekom het, was dit nie vir hom 'n probleem om saam met Christene wat uit die heidendom gekom het, te eet nie. Al daardie Joodse vooroordele het Petrus laat vaar wat hom vroeër sou verhinder het om saam met heidene aan dieselfde te tafel te sit eet. Petrus was in die gewoonte om saam met die heidene te eet. Hy nie een keer gehuiwer of twee keer gedink voordat hy saam met hulle aan tafel gegaan het nie. So het Petrus gedoen voordat sommige van Jakobus afgekome het.

Petrus het immers twee keer by Jesus self gehoor dat dit nie verkeerd is om enigiets te eet of saam met heidene te eet nie. Hy het dit uit Jesus se eie mond gehoor (Mark 7:14-23). En die Here het dit in 'n gesig aan hom geopenbaar (Hand 10). Die Here het immers vir Petrus persoonlik aangesê om saam met die mense van Kornelius na sy huis te gaan. Daar het Petrus in die heiden se huis ingegaan en saam met hulle geëet solank as wat hy daar gebly het.

Toe Petrus in Antiogië gekom het, was dit dus nie meer vir hom 'n probleem om saam met heidene aan die tafel te gaan en te eet nie. Die eenheid in Christus het werklik tot openbaring gekom in Antiogië. Voor die Here is daar nie meer Jood of Griek nie. Alle mense is sondaars wat Jesus Christus nodig het om verlos te word. En alle sondaars wat deur Jesus Christus verlos is, is deur die Heilige Gees in Hom ingelyf. Hulle is die een kerk van die Here.

3. maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is

Toe daar sommige mense van Jakobus in Jerusalem daar in Antiogië aangekom het, het Petrus anders begin optree. Hy het hom teruggetrek en nie meer gemoedelik met die heidene gemeng of saam met hulle geëet nie. Skielik het Petrus weer daardie ou Joodse grense tussen Jode en heidene opgerig.

Petru het hom stilletjies van die heidene onttrek en eenkant gehou omdat hy bang was vir die mense wat nog die besnydenis aangehang het. Met hierdie optrede sien ons weer die ou Petrus wat ter wille van homself en sy eie behoud nie op die pad wil bly wat die Here gemaak het nie. Hy is die een wat gesê het dat hy Jesus nooit sou verlaat nie, maar toe hy agterkom dat sy eie lewe miskien in gevaar kon kom weens sy verbintenis met Jesus, het hy Jesus verloën. Hier in Antiogië was hy weer bekommerd oor sy eie reputasie. Ter wille van sy eie reputasie onder die Jode en veral die wat die besnydenis aangehang het, het Petrus hom van die heidene onttrek en die grens tussen Jood en heiden van vooraf begin handhaaf,

Dit het hy gedoen nadat hy self in Kornelius se huis was, saam met hulle geëet het en self gesien het dat die Here nie 'n onderskeid tussen mense maak op grond van hulle afkoms nie. Die Heilige Gees is aan die heidene gegee net soos aan die Jode te vore. Petrus het homself hieroor in Jerusalem voor die ander apostels en ouderlinge verdedig. Petrus het self deel gehad aan die besluitneming in Jerusalem dat die besnydenis nie meer nodig is nie (Hand 15).

Petrus het dus veroordeeld gestaan, nie omdat hy maar net die algemene opinie van die meerderheid mense teengestaan het nie. Hy het teen sy eie optrede van vroeër in die huis van Kornelius, sy verdediging in Jerusalem, sy ooreenkoms saam met Jakobus en Johannes met Paulus in Jerusalem, die besluit van die kerklike vergadering in Jerusalem teëgestaan. Hy het dit gedoen teen sy beterwete in net omdat hy bang was vir die mense wat die besnydenis aanhang.

Met hierdie optrede van Petrus om homself eerder by die mense van die besnydenis te skaar, het hy te kenne gegee dat die Christene uit die heidendom nie werklik Christene is nie omdat hulle nog nie besny is nie. Hy dit waarskynlik nie gesê of

gedink nie, maar sy optrede het daardie boodskap uitgestuur.

4. En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins

Petrus was as apostel inderdaad iemand na wie baie Christene opgekyk het. Hy was immers saam met Jakobus en Johannes die pilare in die gemeente in Jerusalem. Toe Petrus homself teruggetrek het en eenkant gehou het, het die ander Jode dit opgemerk. Petrus wou dit so stilletjies as moontlik doen, maar dit het nie ongemerk verbygegaan nie. Sy optrede het die ander Joodse Christene in Antiogië aangemoedig om ook maar eerder hulleself van die Christene uit die heidene terug te trek en hulleself eenkant te hou.

Die Joodse Christene was nou al 'n geruime tyd lidmate in die gemeente in Antiogië saam met die ander Christene. Vir baie lank al was hulle Joodse gebruike nie meer van toepassing nie. Maar nou dat Petrus – 'n leier onder die apostels – homself teruggetrek het, het hulle sy voorbeeld gevolg. Leiers in die kerk moet uiters noukeurig op hulle wandel let. Hulle is immers deur die Here voorgangers in die gemeente gemaak en voorgangers word gevolg.

Vir Paulus sou hierdie optrede van die Joodse Christene seergemaak het, maar die optrede van Barnabas het hom nog meer gekwel, daarom noem hy Barnabas se naam in besonder. Barnabas wat Paulus die heel eerste maal aan die Petrus voorgestel het (Hand 9:27), het ook nog vir Paulus gaan haal in Tarsus om saam met hom in Antiogië te werk (Hand 11:25), en hy was saam met Paulus op die eerste sendingreis (Hand 13 en 14). Barnabas was dus 'n vertroueling van Paulus en nou het hom laat meevoer deur die geveins van Petrus. Hierdie optrede van Barnabas het waarskynlik bygedra tot die latere breuk wat daar tussen Paulus en Barnabas gekom het (Hand 15:36-41).

Die woord wat ons vertaal met *geveins* kan ook vertaal word met *hipokriet* of *skynheilig*. Petrus het dus met sy optrede na twee kante toe skynheilig opgetree. Hy was skynheilig teenoor die Joodse Christene uit Jerusalem, want hy het met sy optrede voorgegee dat hy nog die Joodse gebruike onderhou. En hy was skynheilig teenoor die Christene uit die heidene in Antiogië, want hy het net voorgegee dat hy

homself van hulle afskei ter wille van die mense van die besnydenis.

Paulus se reaksie teenoor Petrus – Vers 14

1. Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê

In die oorspronklike Griekse teks is daar nie aanhalingstekens om aan te dui wat Paulus alles in reaksie op Petrus se optrede direk vir hom voor almal gesê het nie. Die afleiding wat 'n mens kan maak uit die teks is dat vers 14 die woorde bevat wat Paulus direk vir Petrus gesê het en dat die res van die hoofstuk onderrig is wat Paulus na aanleiding van hierdie woorde van hom aan Petrus gee. In hierdie Bybelstudie word die teks dan ook op hierdie wyse hanteer.

Die groot vraag waarmee baie mense worstel, is: Hoe is ek voor God geregverdig? Die valse leraars het geleer dat 'n mens deur geloof in Christus sowel as deur die besnydenis – die nakoming van die seremoniële wette – voor God geregverdig is. Die evangelie wat Paulus vir sewentien jaar al verkondig het, het dit duidelik gestel dat 'n mens slegs deur geloof in Jesus Christus voor God geregverdig is. Petrus het saam met Jakobus en Johannes met Paulus en Barnabas saamgestem dat dit die enigste manier is waarop 'n mens voor God geregverdig word.

Dit is immers die evangelie wat Petrus ook aan die Jode en aan Kornelius verkondig het. Petrus het dit geglo en hy het dit ook uitgeleef toe hy aanvanklik in Antiogië aangekom het. Die seremoniële reinigingswette wat daaruit bestaan het dat Jode nie met heidene moet meng nie en nie saam met hulle aan tafel moet sit nie, was vir Petrus iets van die verlede. Dit het nie meer gegeld nie.

Maar toe daar mense uit Jerusalem aangekom het wat nog die besnydenis voorgestaan het, het Petrus homself teruggetrek en weer die ou grense van die seremoniële wette in praktyk toegepas omdat hy bang was vir die mense wat voorstanders was van die besnydenis. Hierdie optrede van Petrus het veroorsaak dat die ander Joodse gelowiges en selfs Barnabas deur die huigelary van Petrus beïnvloed is.

Paulus het opgemerk dat Petrus en die ander se optrede nie meer reguit in lyn is met die waarheid van die evangelie nie. Die woord wat ons vertaal met *reguit loop* is dieselfde woord Griekse woord waar ons woord *ortopeed* vandaan kom. Petrus en die ander gebore Jode het, alhoewel hulle die waarheid van die evangelie geglo en verkondig het, in hulle optrede afgewyk van hierdie reguit pad van die evangelie. Op die reguit pad van die evangelie se waarheid is daar nie meer 'n onderskeid tussen volke nie. Jode is nie beter as die mense wat uit die heidendom kom nie.

Petrus en die ander se huigelagtige optrede het veroorsaak dat die gelowiges uit die heidendom gereken het dat hulle tog eers die seremoniële wette moet onderhou voordat hulle voor God geregverdig is. Dit is wat Paulus dan ook in Petrus se openbare optrede opgemerk het. Omdat Petrus openlik so opgetree het, alhoewel hy homself aanvanklik stilletjies onttrek het, het Paulus hom ook openlik voor almal vermaan.

Wanneer daar openlik van die waarheid van die evangelie afgewyk word, moet die een wat afwyk liefers openlik vermaan word. Paulus het dit openlik met Petrus gedoen, nie om hom te verkleineer of om sy apostelskap te verneder nie, maar ter wille van die waarheid van die evangelie. Die vermaning dien tot onderrig vir almal (1 Tim 5:19-20). Wanneer 'n sonde egter heimlik gedoen is, moet die sondaar een kant vermaan word ter beskerming van hom (Matt 18:15).

Suiwer prediking van die Woord van die Here alleen is nie genoegsame getuienis dat 'n geloofsgemeenskap eg is nie. Die egtheid word altyd getoets in die praktyk. Daarom sal liefdevolle, eerlike toepassing van die tug ook nodig wees om te bewys dat 'n geloofsgemeenskap eg en reguit loop ooreenkomstig die waarheid van die evangelie.

2. As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?

Paulus het Petrus se optrede met hierdie een vraag ontbloom vir wat dit werklik is – huigelary. Petrus is inderdaad 'n gebore en getoë Jood, maar hy lewe self al vir baie lank nie meer soos 'n Jood nie. Vir baie lank het hy nie meer al die seremoniële wette van die Ou Testament en die oorgelewerde gebruike van die voorvaders, soos

wat die Fariseërs dit deurgegee het, onderhou nie.

Nog voor Jesus se kruisiging het Petrus al afgesien van die seremoniële wette. Hy het ook nie meer sy hande gewas voordat hy eet nie. Hy het ook koringare op die sabbatdag uitgevryf en geëet. Hy was saam met Jesus toe Hy mense op die sabbatdag gesond gemaak het. Hy was deel van Jesus se geselskap toe Jesus saam met die tollenaars en die sondaars geëet. En as apostel het Petrus met hierdie leefstyl “soos ’n heiden” voortgegaan. Hy het hom nie gedistansieer van die heidene nie. Trouens, hy het saam met hulle geëet en hy het dieselfde kosse as hulle geëet.

Toe Paulus hierdie woorde gesê het, het die mense wat van Jakobus af daar aangekom het en wat nog die besnydenis voorgestaan het, verstom geraak. Petrus, die leier onder die apostels het aan hulle voorgegee dat hy nog soos ’n Jood lewe deurdat hy hom in hulle teenwoordigheid van die heidene af teruggetrek het en een kant gehou het.

Die huigelary van Petrus het, is nou vir die gelowiges uit die heidene ook bevestig. Dit sou vir hulle vreemd gewees het dat Petrus hom van hulle af teruggetrek het en hulle het moontlik onder mekaar vrae daarvoor gehad. Nou het Paulus in hierdie vermanende vraag bevestig waaroor hulle gewonder het. Petrus het dit nie gesê met woord nie, maar met sy optrede het hy getoon dat die gelowiges uit die heidene nog nie goed genoeg Christene is nie, maar die Joodse Christene is die eintlike gelowiges. Daarmee het hy die boodskap uitgestuur dat die heidene eers soos Jode moet lewe voordat hulle werklik aanvaarbaar is in die kerk en waarskynlik ook by die Here.

Galasiërs 2:15-21

Regverdiging deur geloof alleen

15 Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, 16 terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.

17 Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie! 18 Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder; 19 want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe. 20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. 21 Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

Inleidend

Na aanleiding van die vraag wat Paulus aan Petrus gestel het toe hy sy huigelary aan die lig gebring het, gaan Paulus nou voort om die leerstuk aangaande die regverdiging deur die geloof alleen uit een te sit. In hierdie gedeelte kry ons met die woorde *geloof* en *wet* telkens te doen. Dit is ook twee woorde wat verderaan in hierdie brief sal voorkom.

Maar daar is een belangrike woord wat ons hier teëkom en dit is die woord *geregverdig*. Dit is die eerste maal wat Paulus hierdie woord in die brief gebruik. Dit is die woord wat ook sentraal is in die boodskap van hierdie brief, sentraal is in die evangelie wat Paulus verkondig, en sentraal is in Christen wees self. Die werkwoord *geregverdig* kom drie keer in vers 16 voor en een keer in vers 17. En die selfstandige naamwoord kom in vers 21 voor (*geregtigheid*).

Regverdiging is 'n regsbegrip wat in die hof gebruik word. Die teenoorgestelde van regverdig is veroordeel. Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdaad word

skuldig verklaar en veroordeel. Wanneer iemand egter regverdig verklaar word, is hy onskuldig aan die misdaad en word hy vrygespreek. Die leerstuk van die regverdiging deur die geloof alleen is die goeie nuus dat skuldige sondaars deur God aanvaar en aangeneem word, nie op grond van hulle eie werke nie, maar slegs op grond van hulle eenvoudige vertrouwe in Jesus Christus.

John Stott haal die volgende woorde van Martin Luther aan aangaande die leer oor die regverdiging deur die geloof alleen:

This is the truth of the gospel. It is also the principal article of all Christian doctrine, wherein the knowledge of all godliness consisteth. Most necessary it is, therefore, that we should know this article well, teach it to others, and beat it into their heads continually.

En verder:

If this article of justification be once lost, then is all true Christian doctrine lost.

Aangesien die leer oor die regverdiging deur die geloof alleen so uiters belangrik is, is dit noodsaaklik dat gelowiges hierdie leerstuk begryp. Dit is die leerstuk wat voortvloei uit twee waarhede. Die een waarheid: God is heilig en regverdig. Die tweede waarheid: Die mens is 'n sondaar en onregverdig. En wanneer hierdie twee waarhede bymekaar uitgebring word, sien 'n mens die dilemma waarin die mens verkeer. As gevolg van sy sonde en ongeregtigheid kan hy nie in die teenwoordigheid van God kom nie. Die mens is onder die regverdige oordeel van God weens sy sonde.

In hierdie gedeelte gee die Heilige Gees die antwoord op die vraag: Hoe kan die mens voor God regverdig wees? In verse 15 en 16 gee Paulus 'n uiteensetting van die leer van die regverdiging deur die geloof. En in die res van die gedeelte (verse 17-21) verdedig hy hierdie leerstuk deur die algemene besware daarteen te hanteer en aan te toon dat daar onmoontlik 'n alternatief is vir hierdie leerstuk.

Die leerstuk – verse 15 en 16

1. Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie

Petrus het dit wel nie in woorde gesê nie, maar sy optrede het dit duidelik gemaak toe die mense van Jakobus daar aangekom het dat die Jode beter af is as die heidene. Die valse leraars en die Jode in die algemeen het 'n hoogmoedige houding aan hulle gehad dat hulle 'n trappie hoër staan nader aan God as enige ander volk uit die heidendom omdat die Jode die wet – die sedewet sowel as die seremoniële wet – het terwyl die heidene dit nie het nie.

Die begrip *sondaars* en die begrip *heidene* was in die gedagtes van die Jode sinoniem. Aangesien die heidene nie die wet het nie, weet hulle nie wat om te gehoorsaam nie en is daarom oortreders van die wet – sondaars.

Onder die wettiese Jode, waarvan Paulus self een by uitnemendheid was, was die oortuiging dat jy die sedewet moet gehoorsaam. Dit is die manier waarop jy in die goeie boekies van God kom. Jy moet God as die enigste God dien en eer, jy mag sy Naam nie ydellik gebruik nie, jy moet sy dag heilig, jy moet jou ouers gehoorsaam en eer, jy mag nie moor nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie lieg nie, jy mag nie ander mense se goed begeer nie. Om in die regte verhouding met God te kom, moet jy hierdie geboie stiptelik gehoorsaam. Om geregverdig te wees voor God moet jy daarvoor werk.

Maar die sedewet was nie genoeg nie. Die seremoniële wette moes ook stiptelik gehou word. Jy moet besny word, jy moet vas, jy moet bid, jy moet aalmoese gee, jy moet jou hande was voor ete, jy moenie met heidene en tollenaars meng nie. Al hierdie dinge moet jy stiptelik onderhou sodat jy 'n kans het om deur God aanvaar te word.

Deurdat die Jode die wet besit het en deurdat hulle van kleins af ingeprent is om nougeset volgens die wet te lewe, het hulle gemeen dat hulle die heidene ligjare vooruit is. Aangesien die heidene nie die wet het nie, het hulle baie van die dinge wat in die wet voorgeskryf word nie gedoen nie. Dit het veroorsaak dat die heidene in die oë van die Jode outomaties nie kwalifiseer om naby God te kom nie en die feit

dat hulle ook nog oortreders van die wet was, is hulle beslis gediskwalifiseer vir 'n plek by God in sy koninkryk.

As Paulus dan sê: **Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie**, praat hy van homself saam met Petrus en al die ander Joodse Christene in Antiogië en op elke ander plek. Paulus, Petrus en elke ander Joodse Christen het vroeër, voor hulle bekering en geloof in Jesus Christus, hierdie hoogmoedige houding gehad teenoor die heidene. Hulle het almal gedink omdat hulle die wet het en hulle so nougeset daarvolgens lewe is hulle beter af as die heidene.

2. terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie

As Christene weet Paulus, Petrus en baie van die Joodse Christene dat 'n mens nie deur die werke van die wet te volbring, geregverdig kan word nie. Voor hulle bekering het hulle vas geglo dat 'n mens deur wetsonderhouding geregverdig kan word. Maar nou het hulle Jesus Christus leer ken – Hy is die enigste Een wat volmaak is en net Hy kan God se wet volmaak vervul.

Alles wat 'n mens doen, is nog met sonde besmet en daarom kan dit nie die geregtigheid by God verdien nie. En al sou 'n mens dit kon regkry om die wet uiterlik tot op die letter te gehoorsaam, is daar nog altyd 'n mens se gedagte wêreld en woorde wat bitter moeilik onder beheer gebring kan word. Dus, al het jy nie owerspel gepleeg deur by 'n vrou met wie jy nie getroud is nie, in te gaan, maar jy het in jou gedagtes haar begeer, is jy skuldig aan die oortreding van die gebod van die Here.

Aangesien 'n mens nie deur wetsonderhouding geregverdig kan word nie, is daar net een alternatief ...

3. maar alleen deur die geloof in Jesus Christus

Jesus Christus het in hierdie wêreld gekom om die wet van sy Vader volmaak te vervul. Hy het elke jota en tittel van die wet onderhou presies soos sy Vader dit bedoel het. Hy het ook aan die regverdige eis van sy Vader voldoen deur in die plek van sondaars aan die kruis te sterf as straf op hulle sonde.

Die enigste manier om dan geregverdig te word, is om te erken dat jy as mens 'n skuldige sondaar is, dat jy hopeloos hulpeloos is en jou eie skuld voor die Here bely en dan al jou vertrouwe net in Jesus Christus stel om jou te verlos.

4. selfs ons het in Christus Jesus geglo

Paulus, Petrus en al die ander Joodse Christene in Antiogië het tot die besef gekom dat alhoewel hulle gebore Jode is met al die besondere voorregte wat hulle het om die wet te besit, kon hulle nie deur die wet te onderhou geregverdig word nie, maar slegs deur die geloof in Christus. As Joodse Christene glo hulle dan ook in Jesus Christus.

Geloof in Jesus Christus is nie maar net 'n intellektuele oortuiging nie, maar 'n persoonlike toewyding. Letterlik vertaal sou hierdie deel van vers 16 so klink: *selfs ons het in Christus Jesus in geglo*. Dit is 'n daad van algehele toewyding – dit is nie maar net 'n instemming met die feit dat Christus geleef en gesterf het nie, maar 'n daad van vlug na Christus toe om in Hom veiligheid te vind en om te smee om sy genade.

In vers 16 stel Paulus dit drie maal baie duidelik dat die regverdiging alleen deur die geloof in Jesus Christus alleen is. Hy stel dit eers in die algemeen: **ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie maar alleen deur die geloof in Jesus Christus**. In hierdie woorde het Paulus niemand spesifiek in gedagte nie. Hy praat van 'n mens – 'n man of 'n vrou, enige mens. Hierdie woorde is nie sommer maar net 'n stelling wat hy maak nie. Wat hy sê weet hy en die ander Joodse Christene – *ons weet*. Met apostoliese gesag maak hy hierdie stelling en dit is nie menslike gesag nie, want die evangelie wat hy hier uiteensit het hy in 'n openbaring van Jesus Christus ontvang.

Hierdie stelling in die algemeen word opgevolg met 'n persoonlike stelling: **selfs ons het in Christus Jesus geglo sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus**. Paulus en Petrus en al die ander Joodse Christene weet dat regverdiging deur die geloof in Jesus Christus is nie maar net 'n intellektuele daad nie. Hulle het self persoonlik ondervind dat dit die waarheid is. Die evangelie wat Paulus dus verkondig en die leerstuk oor regverdiging het Paulus dus self getoets – dit is die

enigste manier om geregverdig te word.

Die derde stelling is 'n universele stelling: **omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.** Dit maak werklik nie saak wat 'n mens se agtergrond, afkoms of vermoë is – daar is net een manier om verlos te word en dit is deur Jesus Christus alleen. Niks waaroor die mens beskik, niks wat die mens kan vermag, kan enigsins homself voor God regverdig nie. Hierdie woorde is 'n aanhaling uit Psalm 143:2.

Paulus maak dus hier een van die kragtigste stellings en gee die duidelikste uiteensetting van die leerstuk oor die regverdiging. Hy en al die Joodse Christene weet dat 'n mens nie deur wetsonderhouding geregverdig kan word nie, want hulle was self daar en dit het nie gewerk nie. Hy en al die Joodse Christene het self tot geloof in Jesus Christus gekom om deur Hom geregverdig te word en nie deur wetsonderhouding nie. Proefondervindelik weet hulle dat dit is hoe dit werk. En die bewys daarvoor is nie maar net hulle eie kennis en ondervinding nie, maar die Skrif getuig ook dat 'n mens nie met sy eie vermoëns voor God geregverdig kan word nie.

Die argument – verse 17 tot 21

Alhoewel die leerstuk duidelik en eenvoudig is, was daar mense in die tyd van Paulus wat daarteen te velde getrek het, net soos wat daar vandag ook mense is wat hierdie leerstuk uitdaag. In hierdie volgende verse hoor ons die argumente van die kritici teen Paulus sowel as sy argument teen die kritici. Hierdie is van die moeilikste verse om te verklaar.

1. Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!

Geen mens kan deur die wet te onderhou voor God geregverdig word nie, so het Paulus die leerstuk afgesluit. In sy argument toon hy aan hoe onmoontlik mense se redenasie is wanneer hulle weer wil terugkeer na wetsonderhouding as 'n middel om deur God regverdig verklaar te word.

Die *ons* van wie Paulus in hierdie vers praat, is dieselfde *ons* as in vers 15 – dit is Paulus, Petrus en al die ander Joodse Christene. In vers 16 het Paulus daarop gewys dat die Joodse Christene immers in Jesus Christus glo omdat hulle deur die geloof geregverdig word, want hulle het agtergekom dat wetsonderhouding hulle nie voor God sal regverdig nie. Dit was juis deurdat hulle die regverdiging in Christus gesoek het wat ook hulle oë oopgemaak het om bewus te word dat hulleself sondaars is. Jode is dus nie heiliger as die heidene nie. Inteendeel, hulle is net soos die heidene sondaars.

En dan gee Paulus die kritici se argument weer: Die kritici sê dat Christus 'n dienaar van die sonde is. Om hierdie argument te begryp, is dit nodig om die ooreenstemmende gedeeltes in Romeine hiermee saam te lees – gedeeltes soos Romeine 2:25-3:9 en Romeine 5:18-6:11.

In die gedagtes van die kritici het hulle argument iets soos volg gegaan. Christene wat dink dat hulle net deur geloof en hulle vertrou in Christus voor God geregverdig word, worstel na hulle bekering steeds met sonde. Daarom sê hulle dat Christus 'n dienaar van die sonde is, omdat Jesus se verlossingswerk hulle blykbaar nie heeltemaal voor God geregverdig het nie.

Volgens die kritici is die regverdiging deur geloof in Christus alleen, sonder enige wetsonderhouding, dan 'n gevaarlike leerstuk. Die mens se morele verantwoordelikheid word daardeur verswak. Want as jy deur God aanvaar word deur net in Christus te vertrou en jy hoef nie meer die wet te onderhou nie, beteken dit dat die mens eintlik aangemoedig word om die wet te oortree. Hierdie is egter die verskriklike argument van die antinomianiste – mense wat die wet geheel en al verwerp. Die hedendaagse argument van mense: As God dan slegte mense regverdig verklaar, wat help dit dan om goed te probeer wees? Kan ons dan nie maar doen wat ons wil en lewe soos wat ons wil nie?

In wese kom die kritici se argument daarop neer dat Christus die mens aanmoedig om sonde te doen. Dit is wat hulle bedoel wanneer hulle sê dat Christus 'n dienaar van die sonde is.

Paulus se reaksie is om hierdie argument van die kritici ten sterkste te ontken – nee, stellig nie! Kyk net hoe verloop Paulus se argument in hierdie vers. Eerstens sê hy: Ja, ons streef daarna om deur Christus geregverdig te word sonder enige werke van ons kant af. Tweedens sê hy: Ja, ons is self ook sondaars bevind, dit wil sê, ons erken dat ons steeds sonde doen alhoewel ons deur Christus geregverdig is. Maar, nee, dit beteken glad nie dat Jesus die outeur of goedkeurder van die sonde in ons lewe is nie. Hy is nie 'n dienaar van die sonde nie.

Luther het die volgende definisie van 'n Christen gemaak: 'n Christen is nie iemand wat nie sonde het nie, maar iemand teen wie God nie meer sy sonde hou nie omdat hy in Jesus Christus glo. Hierdie leerstuk bring troos vir die gemoedere wat in ernstige moeilikheid is omdat hulle besef dat hulle sondaars is.

2. Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder

In teenstelling met die lasterlike argument van die valse leraars wat wil sê dat as 'n mens net op Christus vir jou regverdiging vertrou en nie meer die wet hoef te onderhou nie, beteken dit dat Christus 'n dienaar van die sonde is, gaan Paulus voort om daarop te wys dat Christus nie die skuld vir ons sonde dra nie. Die mens is self die skuldige vir sy sonde.

Indien die mens, nadat hy deur God regverdig verklaar is omdat hy in Christus glo, weer sonde doen deur ongehoorsaam aan die wet te wees, is die sonde mos sy eie skuld en nie Christus s'n nie. Die mens kan net homself blameer vir sy sonde; niemand kan Christus die skuld daarvoor gee nie.

Die valse leraars was onder die indruk dat regverdiging deur die geloof alleen 'n mens aanmoedig om verder te sondig, aangesien die onderhouding van die wet nie nodig is nie. Met hierdie redenasie het hulle eintlik getoon dat hulle die regverdiging deur die geloof alleen glad nie verstaan het nie. Regverdiging deur die geloof alleen beteken nie dat 'n mens se status voor God verander maar sy karakter bly onaangeraak nie.

'n Mens kan alleen deur die geloof geregverdig word wanneer die regverdiging in

Christus plaasvind (Gal 2:17). 'n Mens glo tog in Christus en dit is nie net 'n intellektuele handeling nie maar 'n persoonlike toewyding aan Christus. Die mens wat waarlik in Christus glo, neem sy toevlug in Christus (Gal 2:16). Deur die geloof kom daar 'n vereniging tussen die gelowige mens en Christus. En iemand wat in Christus ingelyf is met die ware geloof kan nie meer dieselfde mens wees nie. So 'n mens word verander – hy word vernuwe.

Wanneer 'n mens dan deur die geloof geregverdig word, is dit nie net jou verhouding tot God wat verander nie – van verworpe sondaar na kind van God – maar die mens self word radikaal, permanent verander. Om dus te sê dat regverdiging deur die geloof alleen 'n mens sou aanmoedig om maar ongehoorsaam aan die wet te wees soos wat jy wil, is absurd. Die mens wat geregverdig is, is ook 'n nuwe skepping en hy het 'n nuwe lewe begin.

In sy argument neem Paulus homself as voorbeeld deur na homself te verwys met die woord *ek*. Gelei deur die Heilige Gees laat hy die beskuldiging sagter oorkom, sodat die lidmate in Galasië mooi kan nadink oor wat hier gesê word.

Vanuit die leerstuk (Gal 2:15-16) is dit duidelik dat 'n mens nie deur middel van wetsonderhouding geregverdig kan word. Jode het nie 'n beter kans by God as die heidene omdat hulle die wet het nie. Juis deurdat die Joodse Christene hulle regverdiging in Christus soek, kom hulle agter dat hulle ook sondaars is soos die heidene. Dit is dus nie jou verhouding tot die wet wat bepaal of jy 'n sondaar is of nie, maar jou verhouding tot Christus bepaal of jy 'n sondaar is of nie.

Indien Paulus dan as 'n Joodse Christen wat deur die geloof alleen geregverdig is in Christus nou weer die onderhouding van die wet as 'n maatreël tot verlossing inbring, maak hy homself tot 'n oortreder. Hy word dan 'n oortreder in twee opsigte. Die een opsig: Geen mens kan in elk geval die wet volmaak gehoorsaam nie. Dit beteken dan dat jy dan steeds 'n oortreder van die wet gaan bly.

Die ander opsig is nog grusamer. Deur weer die wet in te bring as 'n manier om regverdiging voor God te verkry nadat die Heilige Gees jou oortuig het dat Christus se offer aan die kruis die prys vir jou lewe betaal het, is dieselfde as om vir Christus

te verloën. Jy kyk as't ware op na die kruis waaraan Christus hang terwyl Hy die straf op die sonde dra wat jy eintlik verdien. En terwyl Hy onder die druk verkeer van die toorn van God oor die sondes van die hele wêreld sê jy vir Hom: Dit is goed, maar dit is nie goed genoeg nie. Christus, U werk aan die kruis sal nie genoeg wees voor God nie totdat ek ook besny is. Dit is die uiterste belediging in die gesig van die Seun van God. So maak 'n mens jousef dan weer 'n oortreder.

3. want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe

Aangesien die regverdiging in Christus nie net 'n status verandering is nie, maar ook 'n radikale nuut maak van 'n mens is, is daar 'n drastiese verandering in 'n gelowige se lewenstyl. Paulus hou homself nog steeds voor in die wat hy sê, soos hy in vers 18 begin het.

Aangesien hy deur die geloof in Christus alleen regverdiging by God gekry het, is daar glad nie 'n manier dat hy weer kan teruggaan na die wet toe as 'n manier om regverdiging by God te kry nie. Deur die wet is hy vir die wet dood.

Let op dat dit nie die wet is wat dood is nie. Daar is niks fout met die wet nie. Inteendeel, die wet is heilig en volmaak (Rom 7). Die wet weerspieël die volmaakte karakter van God. Die fout is eerder by die mens. Die wet gee die volmaakte wil van God aan die mens weer. Dit is hoe God wil hê dat die mens moet lewe.

In sy lewe as Fariseër het Paulus vir baie lank onder die indruk verkeer dat hy wel deur middel van die wet regverdiging by God kan kry. Onder sy tydgenote was hy onberispelik wanneer dit kom by die onderhouding van die wet. Hy skryf self daarvoor in Filippense 3. Maar toe Christus Homself aan Paulus geopenbaar het, het Paulus tot die besef gekom dat dit onmoontlik is om deur middel van die wet regverdiging by God te kry. Toe eers het Paulus besef dat die wet eerder vir hom wys hoe skuldig hy voor God staan omdat hy nie die wet volmaak kan gehoorsaam nie. En iemand wat nie wet kan gehoorsaam nie – iemand wat uit en uit skuldig teenoor die wet staan – is iemand wat die dood in die gesig staar, want die loon van die sonde is die dood.

Op hierdie wyse het Paulus deur middel van die wet vir die wet gesterf. Die wyse

waarop Paulus vir die wet gesterf het, maak hy in die volgende vers duidelik. Tog noem hy hier die doel van hierdie sterwe – sodat hy vir God kan lewe. Vroeër toe die wet vir Paulus 'n middel tot regverdiging by God was, het Paulus gelewe om homself aanvaarbaar vir God te maak. In werklikheid het hy vir homself gelewe. Noudat hy egter vir die wet gesterf het, kan hy nie meer vir homself lewe nie. Hy lewe nou vir God, sy begeerte is tot God. Nou lewe hy werklik omdat hy nie op sy eie prestasies staat maak nie, maar alleen steun op die volmaakte werk van die volmaakte Verlosser Jesus Christus. Eers wanneer 'n mens vir God begin lewe, begin 'n mens se lewe werklik vorm aanneem. In die hande van God word 'n mens se lewe baie groter as wat jy ooit self daarvan sou kon maak.

4. Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my

Paulus maak hier 'n baie groot stelling wanneer hy sê hoe en wanneer hy gesterf het vir die wet. Hy is met Christus gekruisig. Die ware geloof waarmee die Heilige Gees 'n mens in Christus inlyf is van die eerste oomblik af so 'n hegte en intieme band dat jy met die hele van Christus vereenselwig word. Deur die geloof alleen net in Christus alleen word jou lewe oombliklik twee duisend jaar teruggeneem na Golgota.

Om dit behoorlik te verstaan is dit nodig dat 'n mens Romeine 6 hiermee saam sal lees:

1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? 2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe? 3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. 5 Want as ons met Hom saamgegroe het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; 6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. 7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. 8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, 9 omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie

meer nie. 10 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. 11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. 13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. 14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! 16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? 17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, 18 en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.

19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. 20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. 21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. 22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. 23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here (Romeine 6:1-23).

Hierdie teruggaan na Golgota is in die doop afgebeeld. Die gelowige word so deur die geloof met Christus verenig dat sy dood – wat 'n volmaakte betaling vir die sonde is – die gelowige se dood word. En iemand wat gesterf het as betaling vir die skuld, is nie meer verantwoordbaar aan daardie wet wat hom veroordeel het nie. Die

vonnis is mos gevel en die straf is gedra.

Maar die vereniging met Christus deur die geloof laat die gelowige nie net deel kry aan die dood van Christus as betaling vir die sonde nie, deur die geloof kry die gelowige ook deel aan die opstanding van Christus. Die vereniging deur die geloof met Christus is so innig dat die lewe wat die gelowige tans lei inderwaarheid nie hy is wat lewe nie, maar Christus wat in hom lewe.

Die ou Paulus wat nog deur middel van wetsonderhouding probeer het om by God in die guns te kom, is gekruisig saam met Christus. Hy is dood. En deur Christus se opstanding is die lewe van Christus aan hom gegee – 'n nuwe lewe. Dit is nie sy eie lewe nie, dit is Christus se lewe, want hy behoort met liggaam en siel aan Jesus Christus. Hy bestuur nou net die lewe vir Christus.

5. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het

Die Paulus wat nou nog in die liggaam gesien word en wat lewendig voor hulle staan, lei sy lewe deur die geloof in die Seun van God. Hy leef bewustelik voor mense met die wete dat sy lewe nie meer syne is nie, maar Christus s'n. En dit is alleen moontlik as gevolg van die vereniging wat plaasgevind het deur die geloof in Christus.

Deurdadig daar bygevoeg word: **wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het**, laat Paulus dit duidelik wat sy ingesteldheid in die lewe nou is. Vir so 'n groot geskenk soos wat Christus deur die geloof aan hom gegee het, kan hy nie anders as om in dankbaarheid teenoor Christus en God te lewe nie. God woon immers met sy volle wese in Christus. Die Heilige Gees maak die gelowige deur die geloof een met Christus en sodoende word Christus in wie God se volle wese woon een met die gelowige.

Deur hierdie een wording kom daar nuwe begeertes in die gelowige tot stand – begeertes vir God, begeertes om heilig te lewe, begeertes na die hemel. Die algemene koers van die gelowige se lewe het verander omdat Christus nou die lewe in hom is.

Wie een maal hierdie vreugde gesmaak het en hierdie geheimenis gesnap het, kan en wil onmoontlik terugkeer na 'n lewe waarin hy self probeer om sy saak met God reg te maak deur middel van wetsonderhouding. Om deur wetsonderhouding by God regverdiging te kry, is van die begin af 'n futiele oefening.

6. Ek verwerp nie die genade van God nie

Die valse leraars sowel as die mense uit Jerusalem wat in Antiogië aangekom het, sou die Christene uit die heidendom wou laat verstaan dat Paulus die genade van God verwerp. Petrus en Barnabas se optrede om hulle van die Christene uit die heidendom af te skei en hulle by die mense uit Jerusalem te voeg, sou ook die boodskap wou oordra dat Paulus die genade van God verwerp.

Hoe sou hierdie Joodse Christene dan die genade van God verstaan het? Vir hulle was die feit dat God aan die Jode die wet gegee het genade. Die besnydenis was vir hulle genade van God, want deur die besnydenis toe te pas soos die Here beveel het, het jy uiterlik gewys dat jy die genade van God aanvaar – die genade wat Hy uitgespreek toe Hy gesê het dat Hy Israel se God sal wees.

Die verkiesing van Abraham en die volk Israel wat uit hom voortgekom het, is inderdaad genade van God. Dat die Here sy wet aan Israel gegee het, is ook genade van God. Maar die wyse waarop die Jode en die Joodse Christene hierdie genade van God hanteer het, het inderwaarheid die genade van God verwerp. Hoe hulle dit verwerp het, sal daar by nou uitgekome word.

Aangesien Paulus die onderhouding van die wet nie noodsaaklik ag – eintlik van geen waarde ag – om verlos te word nie, het aan die valse leraars en aan die Joodse Christene die geleentheid gegee om Paulus daarvan te beskuldig dat hy die genade van God verwerp. Die beskuldiging is dus gegrond op die Joodse Christene se verstaan van die genade van God. Maar volgens Paulus se verstaan van die genade van God en volgens dit wat Christus aan hom geopenbaar het, is dit nie Paulus wat die genade van God verwerp nie, maar juis hulle wat hom daarvan beskuldig. Daarom sê Paulus dat hy nie die genade van God verwerp nie.

7. want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe

Die evangelie wat Paulus verkondig is juis die evangelie van die genade van God (Handelinge 20:24). Genade is werk wat die Drie-enige God alleen doen. God openbaar sy genade daarin dat Hy sy eniggebore Seun gee om in die plek van sondaars te sterf as betaling vir al hulle sondes. Geloof in die gekruisigde Christus is die enigste manier om deel te kan kry aan hierdie verlossing wat God deur sy Seun skenk. Die genade van God en die dood van Christus is dus die fondament van die Christelike geloof.

Indien iemand dan daarop aandring dat 'n mens met die werke van die wet jou regverdiging by God moet verseker of verdien, ondergrawe jy eintlik hierdie fondament van die Christelike geloof. So 'n mens verwerp dan die genade van God, want as jy iets wil doen of moet doen om jou verlossing te verkry, kan die verlossing glad nie meer genade wees nie. En indien jy die verlossing deur jou wetsonderhouding kan verkry, is Christus se dood aan die kruis oorbodig.

Enigiemand wat homself dus met sy werke by God aanvaarbaar wil maak, maak dieselfde fout as hierdie valse leraars. Hulle dink dit is edel om hulle weg tot God en die hemel vir hulleself te wen met hulle werke. Dit is glad nie edel nie, dit is skandelik, want effektief verwerp jy die karakter van God en Christus se koms na die wêreld. Met jou wetsonderhouding tot verlossing wil jy nie hê dat God genadig moet wees nie. Dan sê jy eintlik vir Christus dat Hy nou regtig nie nodig gehad het om al die moeite te doen om aan die kruis te sterf nie. As die mens enigsins in staat is om sy eie verlossing te bewerkstellig, is die genade van God en die dood van Christus oorbodig.